**REFORMASIE**
(*Gereformeerde Teologiese Studie*)

# John Knox, Die Skotse Calvinis* 2

*Sy optrede in Engeland en die Vasteland van Europa*

**Predikant van die Engelse Staatskerk.**

Na negentien maande van onophoudelike stryd en nood, word John Knox gedurende Februarie 1549 van die wrede Franse galeiskip losgelaat. Hierop begeef die liggaamlik gebroke hervormer hom na Engeland, omdat Skotland nog te onveilig was, Die Rooms-Katolieke party het sake aldaar so onder die hiel gehad, dat 'n deurbraak van die Hervorming menslik gesproke op hierdie tydstip onmoontlik was.

In Engeland was die jeugdige Eduard VI, wat sy vader Hendrik VIII opgevolg het, op die troon. In naam het Hendrik VIII volgens Knox (en dit heeltemal tereg) die pousdom verwerp, maar in die praktyk was die wette en korrupte stelsel van die hirargie nog in swang. Die Hervorming in Engeland is van bo af op die volk op 'n onnatuurlike wyse afgedwing om heel ander motiewe as wat die geval op die vasteland van Europa was. Die ou suurdeeg is onveranderd gelaat om voort te werk, ten spyte van die harde arbeid van manne soos Cramner, Latimer en Ridley.

Die verskyning van die vurige Skot het egter nuwe lewe gebring. Sodanig het Knox die vertroue van die kerkleiers gewen, dat hy spoedig deur die Geheime Raad van Eduard VI as prediker aangestel is te Berwick, 'n grensdorp tussen Skotland en Engeland.

Berwick, die vesting van 'n sterk garnisoen, was 'n uiters losbandige plek. Goddeloosheid het behoorlik gebotvier. In hierdie tyd het iemand die toestand in Berwick soos volg aan die beskermheer Somerset beskryf:
„The whole picture of the place is one of social disorder and the worst police. It will require a stern disciplinarian in the pulpit as well as a stirring preacher to work out a moral and social reform." (Lorimer, p. 18).

En hier was John Knox inderdaad die regte man op die regte plek. Een van sy lewensbeskrywers tipeer hom as prediker in Berwick soos iemand wat in die vlamme van 'n brandende huis instorm om die inwoners te red. Sy dinamiese prediking het dan ook die gewenste uitwerking gehad. Selfs 'n latere teenstander van Knox se beginsels sou erken: „Berwick, almost incredibly, became as lawabiding as an ordinary town." (Edwin Muir, p. 30). Heerlik was ook die getuienis wat die Hervormer self kon gee toe die Skotse Koningin Maria Stuart jare daarna hom van onrusstokery beskuldig het:

„I ashame not, Madam, further to affirm that God so blessed my weak labours in Berwick (where commonly before there used to be slaughter by reason of quarrels that used to arise amongst soldiers) there was as great quietness all the time that I remained there as there is this day in Edinburgh." (Croft Dickinson, ii, p. 15).

Maar Knox se Hervormingswerk was nie maar slegs 'n sosiale en morele arbeid nie, maar ten eerste was dit 'n kerklike. Sy prediking was 'n meedoënlose hamer teen die valsheid van Rome

wat nog in Engeland voortleef. Openlik het hy die dwalinge in leer en erediens teengegaan, sodat hy in sy laaste brief aan die gemeente van Berwick spreek van die „rude boldness as some time I used unto your faces." (Lorimer, p.264) Dit blyk dan ook duidelik uit die feit van hoedanig hy die bestaande vorm van die Heilige Nagmaal bestry het. Die knielende houding het hy uitgeban en dit sou later selfs die hersiene uitgawe van die Book of Common Prayer sodanig beinvloed dat 'n aanhangsel, die sogenoemde „Black Rubric" toegevoeg is, waardeur die Protestantse betekenis van die Nagmaal verduidelik word. Hierdie saak sou later in London nog baie stryd gee, en selfs vandag nog kan die nie-Calviniste Knox nie vergewe nie.

Dit sou ons verbaas as die nog steeds Roomsgesinde kerkleiers so 'n radikale Hervormer as John Knox maar sy gang sou laat gaan. Hulle het ook seker gou gehoor dat hy 'n eie liturgie, waarin baie van die inhoudlose vorms nie meer voorkom nie, opgestel het. Sake kon nie anders as om uit te loop op 'n openlike konflik nie, en spoedig sou die waarheid en valsheid teenmekaar in 'n verdedigingsrede geweeg word.

In die begin van 1500 word Knox deur Cuthbert Tonstall, die biskop van Durham gedagvaar om verantwoording te doen oor sy prediking teen die mis en dat hy dit as afgodery beskou. Hierdie verhoor vind plaas in die groot St. Nicolaas-Kerk van Newcastle en die hele gemeente asook baie geleerde hoogwaardigheidsbekleërs en kerklike hoofde is teenwoordig. John Knox se treffende rede (Laing, iii, p. 33-70), waarin die mis as afgodery aan die kaak gestel word, was feitlik sy „magnus opus" in Engeland.

Vir die eerste keer merk ons nou die direkte invloed van **Calvyn** op. Dit tref ons dan ook baie duidelik in hierdie rede dat sodra Knox oor **formele** maatstawwe handel, dan bring hy heeltemal sy eie oorspronklike gedagtes na vore. Maar sodra dit kom by die materiële argumente waarom die mis afgodery is, dan steun hy op **Calvyn.** Daar is selfs 'n literariese afhanklikheid van Calvyn se **Institusie.**

Dit is dus baie duidelik dat John Knox nie eers later tydens sy verblyf te Genéve onder die invloed van Calvyn sou kom nie, maar dat hy alreeds by die by die aanvang van sy reformatoriese loopbaan 'n leerling van Calvyn was. Calvyn se invloed was groot op hierdie Skotse Hervormer. Die groot teoloog van Genéve was altyd vir hom. „that singular instrument of God". Tog was Knox se persoonlikheid te sterk en sy eie insig te ryp om sy indiwidualiteit te verloor. Op die Hervorming van die 16de eeu het John Knox sy eiesoortige stempel afgedruk. Iemand wat Luther, Calvyn en Knox vergelyk, het dit dan soos volg uitgedruk: Terwyl by **Luther** die **materiële** beginsel beslis die oorhand het, by **Calvyn** die **formele** en **materiële** beginsel in ewewig met mekaar staan, het die **formele** beginsel by **Knox** beslis op die voorgrond getree.

Die rede in die St. Nicolaas-Kerk het sy gewenste uitwerking gehad. Baie welsprekende en geleerde monde wat die valsheid verkondig het, is gestop. Knox kon sy werk te Berwick rustig voortsit en sy invloed het al sterker geword in die noorde van Engeland. Dit was dan

ook nie lank nie of die Geheime Raad benoem hom as 'n rondreisende prediker met Newcastle as sentrale punt, en so word hy predikant in dieselfde kerk waar hy sy verdedigingsrede gehou het.

In Newcastle werk Knox met so 'n ywer dat dit ten koste van sy liggaamskragte is. Behalwe Sondae, preek hy elke dag van die week. Hy gee onderwys in die Skrif, doen herderlike arbeid en hou 'n lywige korrespondensie aan die gang. So hou hy dag vir dag aan „if the wicked carcass will permit". In hierdie tyd verneem ons ook van sy verhouding met Marjorie Bowes, met wie hy later in die huwelik sou tree. Die arbeid in Newcastle was so geseënd dat Knox teen die einde van 1555 aangestel word as 'n spesiale prediker waardeur hy ook die geleentheid kry om meermale in die paleis self op te tree.

Die prediking van die Skotse Hervormer voor die koning en sy hofhouding het 'n baie groot invloed gehad. Veral het dit meegewerk om die reeds genoemde „Black Rubric" in die Book of Common Prayer te laat verskyn. Deur sy kragtige protes het Knox geveg vir die Protestantse karakter van die Engelse erediens — iets wat later nog selfs in Frankfurt-am-Main teen hom sou tel. Die tyd het kort geword en daar moes gered word wat daar nog in Engeland te red was. Een van Latimer se opponente sou dan ook in April 1554 in Oxford die verwyt slinger: „A runagate Scot did take away the adoration of worshipping of Christ in the Sacrament" (die woorde van Dr. Weston; Foxe: Acts and Monuments, vi, p.510).

Toe die bisdom van Rochester aan die Skotse prediker aangebied word weier hy om 'n biskop te wees! Vir Knox is wêreldlike titels en waardighede van biskoppe 'n stryd met die oorspronklike inrigting van die Christelike Kerk. Later wys hy ook die predikantsplaas All-Hallows van die hand en daaroor word hy deur die Geheime Raad tot verantwoording geroep. Sy verdediging was 'n skitterende sukses.

Onweerswolke het egter oor Engeland begin saampak. Die jeugdige koning se gesondheid het sodanig gekwyn dat die ergste spoedig gevrees is. Daarby het John Knox met 'n profetiese blik alreeds die skadufiguur van 'n Roomsgesinde vors sien opkom wat die steeds swakkerwordende Protestantse party die genadeslag sou gee. Daar was nie meer tyd nie en Knox moes vinnig speel.

In April 1553 verskyn die vurige Skotse prediker in die paleis om vir die laaste keer voor die koning te preek. Nou is daar nie meer tyd om sagte taal te gebruik nie. **As daar een ding is wat John Knox nie kon verdra nie, dan was dit huigelary, veral kerklike huigelary.** Hy het dan ook dadelik die vinger op die wond gelê toe hy die wortel van die kwaad in die kerklike toestand van Engeland by die raadslede van die jeugdige koning aangewys het. Sy preek oor Joh. 13:18 was 'n voltreffer:

„Hy wat saam met my brood eet, het sy hakskeen teen my opgelig."

Die donker nag vir die Protestante in Engeland sou egter spoedig aanbreek. Op 6 Julie 1553 sterf die jeugdige Protestantse koning. Dertien dae daarna word Maria Tudor, die bloedige Maria, op die troon van Engeland geplaas. Van nou af sou daar 'n verskrikking deur die land gaan. As instrument van die pous

gee Maria aan haar bloeddorstigheid vrye teuels en in die komende jare sou honderde Protestante op die skavot sterf. Knox was dus reg toe hy na die koms van Maria Tudor gesê het: „O England! Now is God's wrath kindled against thee."

Honderde Protestante het nou uit Engeland na veiliger oorde op die vasteland gevlug. Wat baie se motiewe ook al was, van Knox weet ons, dat as hy Engeland verlaat dan is „the fear of death not the chief cause of my fleeing." (Laing: Works of John Knox, iii, p.120). In 'n brief waarin hy die sesde Psalm verklaar verneem ons aan die einde van sy optrede in Engeland die volgende treffende woorde (ons vertaal):

„Alhoewel ek aan die begin van hierdie veldslag (d.i. die stryd vir die Protestantse waarheid) as 'n swak soldaat te voorskyn getree het, nogtans bid ek dat ek weer in die stryd herstel sal word". En dan vervolg hy verder: „En mag ek deur God, die Vader van onse Here Jesus Christus ... die krag ontvang om te stry dat Engeland en Skotland beide sal weet dat ek gereed is om meer as armoede en ballingskap te ly, ter wille van die verkondiging van daardie leer, en daardie hemelse geloof, waarvan ek deur Sy genadige voorsienigheid 'n eenvoudige soldaat onder baie en 'n getuie voor mense is." (Laing: Works of John Knox, iii, p.154-155).

**Na Genéve ...**

Op 28 Januarie 1554 vind ons John Knox in die Franse hawestad Dieppe. Sy toekoms was menslik gesproke nou so donker as ooit. Hy is 'n vreemdeling op die vasteland van Europa, sonder geestelike vryheid en enige stoflike vooruitsigte. Wat 'n eensaamheid moes oor hom toegesak het toe hy die skip verlaat het en koersloos die hawestadjie ingestap het. Op daardie tydstip was daar selfs nie eers een Protestant nie. (Vitet: Histoire des anciennes Villes de France — aangehaal deur Hume Brown, i, p. 152).

Hoe lank John Knox in Dieppe vertoef het, weet ons nie presies nie. Hy gebruik egter die tydjie baie nuttig om 'n paar briewe aan naasbestaandes en sy vroeëre gemeentes en medegelowiges te Berwick, Newcastle en London te skryf. Hy is die herderlike sielsorger van 'n verstrooide kudde, en dit, terwyl sy eie omstandighede uiters benard is.

Maar voordat die eensaamheid Knox in Dieppe tot totale moedeloosheid dwing, vind ons hom op pad na sy geloofsgenote, sy broeders in Christus in Switserland. Sy koers is na Genéve! Daar ontmoet hy vir die eerste keer Calvyn en verder lê hy ook besoek af by al die leidende figure van die Reformasie soos Viret, Bullinger en Besa. (Corpus Reformatorum: xliii, p.125; xv, p. 18; xliii, p. 90; xv, p 75). Hy kry ook verder die geleentheid om sekere vrae i.v.m. die verhouding tussen Kerk en Staat aan die Switsers voor te lê.

Op 10 Mei 1554 vind ons Knox weer eens te Dieppe, waarskynlik om nuus van Engeland en Skotland te bekom. Sy Switserse besoek het hom inderdaad versterk. So skryf hy hierdie keer ... „I have travelled through all the congregations of Helvitia, and have reasoned with all the pastors and many other excellently learned men." (Laing: Works, iii, p. 235).

Na 'n lang wag, gaan John Knox teen die end van Julie maar weer terug na Genéve. Dit word nou sy sitadel. In Engeland was bloedige Maria se vervolging nog in volle swang en in Skotland was daar geen hoop vir 'n verbetering van die toestand nie. Terwyl hy nog in Genéve vertoef, kry hy egter 'n beroep na 'n Engelse vlugtelinggemeente in Frankfurt-am-Main. Calvyn moedig hom aan om dit aan te neem en so bevind Knox hom teen die einde van die jaar weer eens in 'n vreemde land, Duitsland.

In Frankfurt het daar egter uiters moeilike probleme op die Skotse Hervormer gewag. 'n Skeuring oor die vorm van die erediens het gedreig en toe Knox daar aankom, was hy net in tyd om dit af te weer. 'n Sekere groep in die gemeente wat beinvloed is deur die Zurichse Engelse vlugtelinggemeente, wou in plaas van die gebruikte liturgiese orde van Calvyn, weer die Book of Common Prayer invoer en dit direk teen die ooreenkoms met die Magistraat in. Calvyn se advies is deur Knox ingeroep en eersgenoemde beskryf die Book of Common Prayer as 'n orde waarin daar baie dwaas dinge is (multas tolerabiles ineptias" .. Opera Calvini, p. 98). Die gevolg was dat die gemeente aan Knox en 'n kommissie opdrag gee om 'n nuwe orde op te stel wat later die bekende „Order of Genéve" sou word wat deur die Engelse gemeente aldaar gebruik is. Dinge wou egter maar nie gaan in Frankfurt nie en selfs nog 'n orde is opgestel om vrede te bewerk. Toe daar egter op 13 Maart 1555 nog 'n groep Engelse vlugtelinge onder dr. Coxe in Frankfurt aankom, was daar weer vet in die vuur. Coxe en sy volgelinge het ten spyte daarvan dat hulle nuwelinge was, op 'n baie onordentlike manier weer eens probeer om die Book of Common Prayer af te forseer. So erg het dit gegaan dat Knox selfs in die geheim by die owerheid as 'n verraaier verdag gemaak is. Die end van die saak was dat die owerheid Knox gevra het om die stad te verlaat en dit aangrypend as ons lees hoe 'n groot deel van die gemeente hom tot vier myl buite die stad in weemoed vergesel. Die hele tragiese gebeurtenis en die onreg wat Knox moes ly, word beskryf in „A brief discours of the Troubles at Frankford" (Laing: Works, iv, p. 9-40).

So is John Knox maar weer op pad na Genéve . . .

In Genéve is hy egter weer met ope arms deur Calvyn en die ander broeders ontvang. Nou breek daar ook een van Knox se gelukkigste tydperke in sy lewe aan. Hy word predikant van die klein, maar standvastige Engelse gemeente, sy „little flock", soos hy hulle in sy herinneringe later in Skotland sou onthou. Daarby was Genéve vir Knox 'n wonderlike leerskool vir sy latere arbeid. Rustig kon hy hom in die studie van die Skrif en Hebreeus verdiep. Hy beskryf dan ook Genéve as die plek „where I neither fear nor eshame to say is the most perfect school of Christ that ever was in the earth since the days of the Apostles" (Laing: Works, iv, p. 240). Die gereformeerde Genéve moes 'n wonderlike stad gewees het. John Bale, die biskop van Ossory, Engeland, roep omtrent dieselfde tyd uit: „Geneva seemeth to me to be the wonderful miracle of the whole world!" (The Pageant of Popes).

Hierdie verblyf te Genéve sou egter nie lank vir Knox duur nie. In sy vaderland, Skotland, het sake miskien meer belowend begin lyk en op aandrang van sy vriende vertrek hy in Augustus 1555 daarheen. Hy verlaat dus sy rustige studie en kom in Edinburgh aan „in the end of the harvest."

Dit sou egter maar slegs 'n tussenbesoek aan Skotland wees. Hoewel Maria Guise, die koningin-regentes 'n simpatieker houding teenoor die Protestante begin inneem het, was die tyd vir die daadwerklike Hervorming egter nog nie ryp nie. Knox se stem sou nog 'n eensame geroep wees in 'n land waar die Hiërargie nog soveel vrees ingeboesem het dat openbare optrede tot 'n groot mate lam gelê is. Maar tot die gewete van die vorstin wat as instrument van die valse Kerk optree, sal daar gespreek word. In 'n van-hart-tot-hart brief aan haar (Laing, iv, p. 75-84) sit Knox die saak van die Hervorming uiteen. Hy roep haar in die naam van Christus op vir die stryd ter wille van die Waarheid. God alleen beskik oor Koninkryke en Hy sal eer die wat Hom eer, maar verwerp die wat Hom versmaad. Die stryd waartoe Knox die regentes oproep is wel swaar, maar as sy na God se bevele luister soos Josua, dan sal haar stryd met dubbele seën bekroon word.

Maria het egter met 'n minagtende toon Knox se pleitrede verwerp. Wat meer is, sy begin weer tekens van positiewe teenstand teen die saak van die Hervorming toon.

Midde in Knox se magteloosheid kom daar 'n brief van sy gemeente in Genéve waarin hy baie ernstig versoek word om hulle te hulp te kom. So vertrek die Skotse Hervormer vir die soveelste keer weer na Genéve in Julie 1556. Na sy vertrek word 'n pop van hom gemaak en in die openbaar in Edinburgh verbrand—'n duidelike teken van die grenslose haat teen hierdie gesant van God.

Terug in Genéve, kon Knox weer eens sy studie en die versorging van die Engelse gemeente in alle erns aanpak. Skotland, sy vaderland, het hy egter nog geen oomblik afgeskryf nie en was maar gedurig in kontak met sy mense daar, sodat as die geleentheid hom sou voordoen, was hy gereed om hulle te hulp te snel. Toe hy dan ook deur 'n paar edelmanne gevra word om te kom, vertrek hy in die herfs van 1557 na Dieppe, maar daar het weer teenoorgestelde briewe op hom gewag waarin hulle hom meedeel om liewer te wag. Dit was 'n verbitterde Knox wat hierdie keer na Genéve teruggekeer het.

Dit was in hierdie tyd wat John Knox sy bekende „First Blast of the trumpet against the monstrous regiment of women" geskryf het. In hierdie geskrif sien ons weer die radikale, uitgesproke hervormer wat die vyande van die Hervorming in 'n reguit kras taal aanspreek. Hierdie keer was dit teen die regeermag van die vrou waarteen hy dit gehad het. Ken ons die omstandighede waarin Knox in Engeland en Skotland moes stry, dan kan ons hom enigsins verstaan. Dit was hoofsaaklik vroue wat in hierdie lande die grootste vyande van die Hervorming was. In Engeland het die bloedige Maria se wraaklus teen die Protestante geen perke geken nie en in Skotland het Maria Guise (suster van die kardinaal in Frankryk) elke moont-

like struikelblok in die voortgang van Reformasie gelê. Hierdie „regiment of women" moes ontmasker word.

Die betekenis van Knox se werk in Genéve was geweldig. 'n Moderne geskiedskrywer sê o.a.: „There the English protestants saw realised an ecclesiastical as well as a civil polity, which seemed to them as near perfection as earthly conditions would permit. It was a congregation that was truly Presbyterian in both discipline and worship" (S. J. Knox in „John Knox's Genevan Congregation", p. 4). Veel groter sou die betekenis nog word as ons daaraan dink dat hierdie lidmate van die Engelse gemeente later weer na hul vaderland sou terugkeer om die Calvinistiese saad daar te saai. Knox, geskool in die leerskool van Calvyn, sou dieselfde beginsels indra en verkondig aan 'n Skotse volk wat later so ryp was om dit te ontvang dat Skotland tot vandag nog 'n vestingwerk van Calvinisme besit. En vandaar sou dit versprei, na Amerika, na Afrika, na die Ooste en na so baie ander lande.

Maar die uur vir John Knox se laaste en grootste optrede in Skotland het al nader gekom. Hierdie keer het die Protestantse edelliede so 'n sterk versoek tot hom gerig om na sy vaderland te kom, dat hy moes gehoor gee. Selfs Calvyn is genader om sy invloed te gebruik. So verlaat Knox Genéve vir die laaste keer in sy lewe gedurende Februarie 1559 en vertrek na Dieppe waar hy ses weke sou wag vir 'n skip na Skotland.

Die ses weke te Dieppe was seker een van John Knox se gewigtigste optredes op die vasteland van Europa. Hy was nou eenvoudig nie 'n man wat kon stilsit sonder om besig te wees nie. Hy maak kontak met die Protestante en vind uit dat hulle in die geheim vergader. Natuurlik word hy met ope arms ontvang en hy begin preek vir die Franse in hierdie hawestad. Die uitwerking was byna ongelooflik. Hy het behoorlik 'n einde aan al die geheime samekomste gemaak en openlik in die openbaar begin optree. Soos iemand dit uitgedruk het: „Knox put an end to what he regarded as cenurbale circumspection" (Desmarquets: Mémoire Chronologiques, p. 112; aangehaal deur Cowan, p. 148). 'n Hele paar verdere getuienisse in geskrifte en briewe gee ons enigsins 'n beeld van die geweldige ommekeer wat daar in Dieppe deur middel van Knox se prediking plaasgevind het. Selfs later, toe hy in die hitte van die stryd in Skotland gewikkel was, sou hy die Protestante van Dieppe nie vergeet nie.

Op 'n sekere oggend is die seile van die skip na Skotland egter gespan en die Hervormer was in aantog na sy vaderland. Hierdie keer was dit egter 'n finale terugkeer. Op ongeveer vyf-en-veertigjarige leeftyd is hy ten volle geskool vir sy taak. En wat 'n skool! Agter hom lê die lewenservaring van soveel dinge, En elk het sy deel bygedra ... die galleie, sy arbeid en stryd in Engeland, sy krankheid, sy armoede, sy worstelling in Frankfurt, maar ook die wonderlike leerskool van Genéve. Alles tesame: die wonderlike leerskool van God. Soos 'n Moses, is Knox nou gereed om sy volk uit die slawehuis van Roomse hiëragie uit te lei.

Op 2 Mei 1559 arriveer hy in Edinburgh. Die volgende dag skryf hy 'n brief waarin hy verklaar dat God genadiglik sy aanhoudende geroep gehoor

het. „I see the battle shall be great, for Sathan rageth even to the uttermost." (Laing, vi, p. 21).

(word vervolg)

V. E. d'Assonville.

---


**Geraadpleegde werke:**

**John Bale:** The Pageant of Popes, 1574. (Plek van uitgawe onbekend).

**Hume Brown:** John Knox, 2 dele, London, 1895.

**Henry Cowan:** John Knox, New York en Londen, 1905.

**Corpus Reformatorum**, Amsterdam, 1876.

**W. Croft Dickinson:** John Knox's History of the Reformation in Scotland, Londen, 1949.

**John Foxe: Acts and Monuments**, Londen, 1843—1949 (8 dole).

**S. J. Knox:** John Knox's Genevan Congregation, Londen, 1956.

**David Laing:** John Knox and the Church

**David Lorimer:** John Knox and the Church of England, Londen, 1875.

**Edwin Muir:** John Knox: portrait of a Calvinist, Londen, 1929.

**Opera Calvini:** Epistolae et Responsa. Amsterdam, 1667.